




CACHET
GEREFORMEERDE KERK

6 November 2022



www.gkcachet.org.za

Afrikaanse ErediensteSondae om 09:00 en 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op
NWU Kampus, Hoffmanstraat 28

English Worship ServiceSundays at 11:00

In the Church House on the
NWU Campus, 28 Hoffman Street

KerkkantoorDinsdae en Vrydae 08:30-12:00

Lulu Coetsee – 018 294 4894;
079 4949 7360

Predikante

Ds. Brahm Robinson – 064 656 1374;
brahmrobinson@gmail.com
Ds. Noah Kim – 082 593 6428;
solaprochristo@hotmail.com

Kontakpersone & Inligting **Susters:**

Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com
Jonette Terblanche – 071 563 5165
Jonetteterblanche@gmail.com

Koster en PowerPoint:

Schalk Buys – 063 679 7071
schalkbuys7@gmail.com

Vervoer na eredienste en kerkaksies:

Pieter Deyssel –
079 695 0027

**Preekopnames:**

<http://gkcachet.org.za/preke/>

**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**

<https://npwepener.wixsite.com/website>

**Hulppredikante:**

Prof. ("Net Oom") Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):

Schalk Buys – 063 679 7071
cachetdiakonie@gmail.com
ABSA Tjekrekening: 0670280012

Jubila-voorsitter:

Frikkie Deyssel – 079 695 0119
Frikkie4deysel@gmail.com

Stuur enige inligting vir die Cachetbiljet na:

Minette van Vuuren – 084 580 4002
minie.vanvuuren@gmail.com

Bankbesonderhede:

Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van



Oggenddiens

Philip Wepener

Skriflesing: Handeling 9:1-25

Tema: Jesus Christus kies ons as instrumente uit en Hy rus ons toe, sodat ons ter wille van sy Naam sal getuig en ly

Aanddiens

Prof Albert Coetsee

Skriflesing: Openbaring 7:1-8

Tema: God merk ons as sy eiendom wat Hy bewaar!



Preekskets (Aanddiens)

In Openbaring 7:1-8 troos en bemoedig die Here sy kinders. Dit doen Hy deur telkens te verwys na sy "seël".

Wie is die verseëlde?

Die verseëlde is 'n figuurlike getal van 144 000. Dit verwys na 'n "volkome" getal. En wie is hulle? Nie net Jode nie, maar *gelowiges* – Christene uit alle stamme, tale, volke en nasies (vgl. Open 5:9; 14:1-4; 21:12-14). As jy glo in Christus, kan jy weet dat jy ook een van God se verseëlde is.

Wanneer is hulle verseël?

Uit vers 1-3 is dit duidelik dat dit gebeur *voordat* die vier winde die aarde tref, naamlik voordat God begin om sy oordeel oor die wêreld te voltrek. Aangesien God reeds hiermee besig is, beteken dit dat gelowiges *reeds* deur God verseël is. Sy seël is dus nie iets wat 'n gelowige nog moet verkry of verdien nie. Ons is reeds gemerk.

Waarna verwys hierdie seël?

Hoekom verseël God sy kinders? Twee redes:

- God merk die verseëlde as sy eiendom (Open 14:1). Hulle behoort aan Hom. Hy is hulle Eienaar! Wat 'n besondere troos!
- Diegene wat aan God behoort, beskerm Hy. Hulle wat deur God gemerk is geniet sy beskerming (Open 9:4). Wat 'n troos is dit nie?

God se beskerming in Openbaring 7 verwys in die eerste plek na *geestelike* beskerming. God waarborg ons: Niemand sal ons enige geestelike leed kan aandoen nie. Hy beskerm ons in ons geloof.

Wat veroorsaak hierdie seël?

Dit stel ons in staat om te volhard, om heilig te lewe en te getuig.

TOERUSTINGSessie




**'n OORSIG OOR
OPENBARING**

PROF. ALBERT COETZEE

DIREK NA DIE AANDDIENS






Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder!
U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,
en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan,
waarop my oog jou altyd gadeslaan.

Psalm 32:4B (Totius)

Lief en Leed:

† Ons is tans nie bewus van enige lief en leed nie.




Liefdegawes:

Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:



Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir die eerste kollekte:

<https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287>**Oggend 1ste kollekte:**

Diens van barmhartigheid

EFT vir kollektes:

GK Cachet diakonie

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Diens van Barmhartigheid (deponeer elke kollekte apart)

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir tweede kollekte:

<https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324>**Aand 2de kollekte:**

Uitreike

EFT vir kollektes:

GK Cachet diakonie

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Uitreike (deponeer elke kollekte apart)

Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:

Snapscan vir maandelikse bydraes:

<https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-l>

ABSA Tjekrekening
0670340023
Takkode: 335138
Verwysing: Naam, van en wyk

VERJAARSDAE:

Laat voor die Heer 'n lofsang rys!

Hoe goed is dit om God te prys! ~ Psalm 147:1a

4 November WG Engelbrecht**5 November Morné Schoeman****7 November Tinus van der Walt**

Administratief

1. Attestate ontvang

- Danie Walker van *GK Potchefstroom*
- Jaco Visagie van *GK Potchefstroom*



2. Ampsdraers

Die kerkraad hou graag die name van die volgende broeders voor ter approbasie:

- As ouderlinge: Alistair van Heerden, Pieter Deysel, Naldo Kent en Ruben Meijering.
- As diakens: Christiaan Borchers, Dirk Wijnbeek, Nathan de la Rey, Estiaan Vorster, Tjaart du Plessis en Johan Coetsee.



3. Cachet verblyf

Daar is 'n dubbelkamer vir 2 dames beskikbaar in ons woonstelle vir 2023. Kontak vir ds. Brahm as jy belangstel of weet van enige iemand wat moontlik belangstel, asseblief.




4. Kinderhuis-projek

Baie dankie vir almal wat bygedra het tot die kinderhuis-projek. Dit word opreg waardeer!





KoffieKroeg "Happy Little Dinosaurs"



GK CACHETBIED AAN

Kerslofsang



SONDAG 13 NOVEMBER

DIREK NA DIE AANDDIENS

KONTAK VIR MINETTE: 084 580 4002
INDIEN JY WIL DEELNEEM

GK CACHET EERSTEJAARSKAMP 2023

Kom groei in
Christus se koninkryk



28 JANUARIE 2023 - 3 FEBRUARIE 2023

MANZINI PLESIER PLAAS

PRYS: R1 500

(HIERDIE IS VIR SENIORS IN CACHET)

VIR MEER INLIGTING KONTAK LEONÉ: 082 610 9671

[Senior eerstejaarskamp 2023 inskrywings](#)

Weet jy hoe 'n lewe van dankbaarheid lyk?



In 1 Tessalonisense 5:18 kry ons hierdie duidelike opdrag: "Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag." Dit is net een van baie opdragte in die Bybel om dankbaar te wees. Die hele laaste deel van die Romeinebrief, dit is hoofstuk 12:1-15:33, gaan oor die dankbaarheid wat aan God verskuldig is. Ons lees ook dat ondankbaarheid 'n sonde is wat in die laaste dae gesien sal word (2 Timoteus 3:2).

Christene moet dankbare mense wees, juis omdat hulle besef hoeveel hulle ontvang het. Dit is al wat God van ons vra – dat ons in dankbaarheid moet lewe omdat Hy ons deur Jesus Christus verlos het.

In die Heidelbergse Kategismus word Sondag 32 tot 52 aan dankbaarheid gewy – dit is bykans 'n derde van die totale belydenis! Ons sien daaruit hoe God wil hê ons dankbaarheidslewe voor Hom moet lyk: 'n Dankbare lewe is een van bekering; dit is 'n lewenswyse van goeie werke omdat ons dankbaar is, en dit is 'n lewe van gehoorsaamheid en gebed.

In hierdie maand se Kruispad e-tydskrif fokus ons op die opdrag dat ons dankbaar moet wees, en hoe hierdie dankbaarheid in ons lewens moet lyk.

Tot volgende maand,

Kruispad-redaksie



Antwoord só met dankbaarheid op God se genade

In Psalm 40 kry ons riglyne waarvolgens ons 'n lewe van dankbaarheid kan lei. Lees hier van die goeie werke waarmee ons God moet dank vir sy genade.



Hoe bly ek dankbaar ongeag van wat in my lewe gebeur?

Wanneer dit met jou moeilik gaan in die lewe, hou vas aan die woorde van Filippense 4:13. Lees hier hoe jy in alle omstandighede dankbaar kan bly.

Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

die Kerkblad

November 2022

Calvyn oor kerk en owerheid

Koorsang – In U Lig

[www. gksa.org.za](http://www.gksa.org.za)



Inhoud

November 2022



JAARGANG 123, NO. 3372
November 2022

- | | |
|--|--|
| <p>1 VAN DIE REDAKTEUR
Verwisseling van redakteurs</p> <p>4 UIT DIE WOORD
"Laat u koninkryk kom!"</p> <p>6 REDAKSIONEEL
Die proklamering van God se wêreldheerskappy</p> <p>8 BRANDPUNT
Opskerping van ekologiese verantwoordelikheid</p> <p>FOKUS</p> <p>10 Koorsang – In U Lig</p> <p>12 Calvyn oor kerk en owerheid</p> | <p>14 Nederlandse Geloofsbelydenis Art. 36 oor die owerheid</p> <p>BOEKAANKONDIGING</p> <p>16 Die noodsaak van Gereformeerde herlewing en evangelisasie</p> <p>TEOLOGIESE SKOOL</p> <p>17 Finalejaar teologiese studente</p> <p>20 VAN ORALOOOR
Familie-artikels vind veilige tuiste</p> <p>21 Lief en Leed</p> <p>22 Kerklike administrasie</p> <p>23 Kleinadvertensies</p> |
|--|--|

REDAKSIEKOMMISSIE

REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock

Adresbesonderhede:

- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2022 – 30 Junie 2023):

Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R343
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R493
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R464
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R143

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462



EIENAARS EN UITGEWERS

Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

Verwisseling van redakteurs

Ek het aan die Deputate vir Kerklike Tydskrifte meegedeel dat ek aan die einde van 2022 as redakteur wil uittree.

Dit was 'n Godgegewe genadevoorreg om vir agt jaar in hierdie hoedanigheid diensbaar te wees in die kerk van ons Here Jesus Christus en sy Koninkryk. Vir hierdie oneindige voorreg bring ek aan Hom alleen die lof en dank wat Hom toekom. Sonder die leiding van sy Gees sou dit nie moontlik gewees het om een letter te skryf nie.



Slotwoord

My uittrede kom in 'n krisistyd in die bestaan van *Die Kerkblad*, sowel as die ander tydskrifte in die GKSA en ander kerkgemeenskappe. Steeds dalende intekenare en 'n gepaardgaande gebrek aan die nodige fondse is die vernaamste redes vir die genoemde krisis. Ons het veral in die afgelope twee jaar deurlopend hieraan aandag gegee.

Dit is ons bede dat die pogings wat die Redaksie saam met die Deputate aangewend het en steeds aanwend, asook drastiese besluite deur die komende Algemene Sinode, 'n omkeer in hierdie tendens sal bewerk. Mag ons troue Verbondsgod bo alles ons gebede verhoor en in sy verbondstrou en genade beskik dat *Die Kerkblad* steeds mag voortbestaan en ook mag groei.

In die gewone sekulêre wêreld daarbuite word in die meeste gevalle eenvoudig besluit om die produksie te staak wanneer 'n produk nie meer in aanvraag is nie.

In die geval van 'n "produk" soos *Die Kerkblad* mag dit egter nooit 'n opsie wees nie. *Die Kerkblad* is immers 'n produk en verantwoordelikheid (alhoewel nie die amptelike blad en mondstuk nie) van die kerke

van die GKSA in die uitvoering van ons Godgegewe koninkryksroeping om die eenheid van ons kerke te dien en te bevorder, om ons lidmate (en lesers buite die GKSA) geestelik toe te rus, om die lig van Woord te laat skyn op elke terrein van die samelewing, om die gesonde leer van die Woord te handhaaf, verdedig en bevorder teenoor soveel dwalinge wat in ons tyd toeneem.

Dankwoord

Dit is vir my by hierdie geleentheid 'n behoefte van die hart om my diepste dank en waardering uit te spreek teenoor die redaksie sonder wie se hulp, insette, medebeplanning en baie meer dit nie moontlik sou wees om die werk as redakteur te kon doen nie.

In hierdie opsig moet die naam van ons kopieredakteur, me. Johanna (Joey) Fourie uitgesonder word. Sy is nie alleen verantwoordelik vir die bladuitleg en voorbereiding van die kopie nie, maar lewer ook 'n besondere en onmisbare bydrae in die skakeling met skrywers vir die staande rubrieke en ander artikels asook die versameling van inligting oor ons kerke, predikante ensovoorts. Ek kan nie aan *Die Kerkblad* en die werk as redakteur dink sonder die sleutelrol wat Joey speel nie.

Van die redakteur



Ook aan die Deputate 'n woord van besondere dank vir die wyse waarop hulle my as redakteur verdra het en hulle opdrag uitgevoer het.

Ds. Cassie Aucamp
Die Deputate

het ds. Cassie Aucamp as nuwe redakteur benoem. Ds. Cassie is deur ons troue Verbondsgod versier met uitnemende gawes wat hy in getroue roepingsvervulling nie alleen kerklik nie, maar ook in

die breë samelewing met aansteeklike ywer uitleef. Hy dien ook reeds die afgelope aantal jare op die redaksie waar hy 'n besondere bydrae lewer. Dit is ons bede dat ons God en Vader wat hom nou ook in hierdie hoedanigheid roep, hom die gawes, gesondheid en lewenskrag sal gee om hierdie taak met groot onderskeiding uit te voer.

150-jarige bestaan

Dit sal op 1 April 2023 honderd en vyftig jaar wees sedert die eerste uitgawe op 1 April 1873 as *De Maandbode* verskyn het. Dit is 'n besondere mylpaal wat getuig van God se oneindige genade en bemoeienis met sy kerk.

Ons bede is dat Hy steeds sy genadewerk sal voortsit en die lig van sy Woord sal laat skyn, ook deur die bestaan van *Die Kerkblad*. ^{CFC}

BELANGRIKE KOMMUNIKASIE MET ONS INTEKENARE

Geagte intekenaar,

Van die kant van die Redaksie wil ons u weer van harte bedank vir u volgehoute steun, deur intekening op *Die Kerkblad*. Ons het ook reeds van heelwat lidmate inligting ontvang. Dit is egter nodig dat al ons intekenare vir ons onderstaande inligting stuur (daar het sedert die vorige uitgawe weer 'n klompie intekenare inligting gestuur).

As ons van verspreidingsmetode wil verander, kan dit slegs gebeur as ons die samewerking van elke intekenaar het. Daarom versoek ons u dringend om ons van die volgende inligting te voorsien:

- Is u 'n huidige of nuwe intekenaar?
- Die gemeente waarvan u lidmaat is.
- Aanduiding as u nie lidmaat van 'n Gereformeerde gemeente is nie.

- Naam, voorletters en van.
- Telefoon/selfoonnommer.
- E-posadres.
- Hardekopie of digitale intekening.

U kan die inligting per e-pos stuur na:
kerkblad@gksa.co.za

Baie dankie vir u hulp en donasies, asook u volgehoute voorbidding vir die werk van *Die Kerkblad*. Ons sal u voortdurend op hoogte hou van enige verwickelinge.

Hartlike groete, die Redaksie



V&R Drukkery (Edms) Bpk

Skakel **Ludick Venter** of **Elzabé Vosloo** vir enige navrae

Elandstraat 12, Koedoespoort

E-pos: ludick@vrprinting.co.za / elzabe@vrprinting.co.za

Tel: 012 333 2462 Faks 086 548 8643

- kaartjies
- nuusbriewe
- brosjures
- tydskrifte
- kalenders
- sagte- en hardebandboeke
- digitale drukwerk
- grafiese ontwerp

Hoë kwaliteit drukwerk waarop u trots kan wees!

Sedert 1946 in die Drukkersbedryf

Frekwensie 104.2
DStv-oudiokanaal 887
of luister aanlyn by
www.pretoriafm.co.za

Pretoria FM
hoop, glo, lééf
in Afrikaans

WÊRELDWYD

Sondag luistergenot - **06H00 tot 24H00** | 'n Keur van musiek, eredienste en kerknuus

“Laat u koninkryk kom!”

Lees: Openbaring 11:15 – 12:17

Teks: Openbaring 11:15; 12:10; HK 48:123

Die tweede bede van die “Onse Vader”-gebed beteken: “Regeer, bewaar en laat u kerk groei totdat u koninkryk in volmaaktheid in ons, deur ons en rondom ons mag kom!”

Die woord “koning” (regeerder, president, eerste minister) is baie belangrik in ons alledaagse lewe. Byvoorbeeld:

- In die nag van 23-24 Augustus 1572 vind die sogenaamde *Bartolomeusnag* in Frankryk plaas. Die Roomsgesinde Franse waarnemende koningin, *Catharina de Médici*, gee bevel: Dood soveel as moontlik *Hugenote* (soos wat die *Gereformeerdes* genoem is)! Ongeveer 25 000 Gereformeerdes sterf.
- Op 24 Februarie 2022 gee ’n president opdrag dat Oekraïne ingeval en alles met die aarde platgevee moet word.
- Op 6 September 1966 word ’n Suid-Afrikaanse eerste minister koelbloedig vermoor.
- Op 6 September 2022 ontvang een eerste minister van die Britse koningin ontslag en ’n ander persoon word die nuwe regeerder.

Maar ... wat van koning-wees in jōu lewe?

- Jy wil graag *koning* in jou eie lewe wees.
- Jy word as vader/moeder aangestel as *koning/koningin* van jou gesin.
- Jy word as ouderling in die *koningsamp* van die Here se kerk bevestig.
- Elke gelowige word geroep om priester, profeet en *koning* in diens van die Here se koninkryk te wees.

In elkeen van hierdie bogenoemde situasies word daar van die gelowige verwag om die tweede bede van die “Onse Vader”-gebed te bid: “Laat u koninkryk kom.”

Verder moet ons ook onthou dat die hele wêreld, en óók ons elkeen se geskiedenis, saamtrek in die stryd tussen die koninkryk van God en die koninkryk van Satan!

Openbaring 11 en 12 praat ook van hierdie stryd

Openbaring 11:15 stel dit duidelik dat God en sý koninkryk as Oorwinnaar uit die stryd tree! *Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword ... en Hy heers tot in alle ewigheid.* Maar dan, uit Openbaring 12 word dit duidelik dat die stryd nog nie verby is nie – Satan vervolgt steeds en probeer steeds die kerk verdelg! Hier moet ons onthou dat die oorwinning van die Here Jesus ’n proses is.

- Die beslissingsdag van die oorlog tussen God en Satan was Jesus

se kruisiging, opstanding en hemelvaart.

- Maar die eindgevolg van die oorwinning volg eers ’n tyd later. Dis soos waterrimpeling wanneer ’n klip die water tref.

Openbaring 12: die vrou en die draak

Die vrou is die kerk en die draak is die Satansgenote. Die vrou staan op die punt om geboorte aan ’n Seun te gee. Die duiwel sit en wag om die Seun dood te maak. Dink maar aan die kindermoord te Betlehem, die verwerping, ver-raaiing, verloëning, kruisiging en begrafnis van Christus. God het egter die Seun gered en op die derde dag uit die dood uit laat opstaan, en laat opvaar na die hemel waar Hy nou aan die regterhand van God sit. Christus hét dus Satan en die dood *beslissend* oorwin en só het sy koninkryk gekom.

Maar sy koninkryk moet óók nog in sy volkomenheid kom

Satan sit sy stryd steeds voort deur die vrou (die kerk van Christus) te vervolg. Genadiglik laat God die kerk na die woestyn vlug. Dit beteken wel vir die kerk afsondering en moeite, maar ook besondere gawes van God af wat die kerk onderhou.

God dra die kerk met arends-vlerke na veiligheid. God sorg dat die kerk nie oorweldig word deur die aanslae van Satan nie (Op. 12:15, 16).

Hoe is die kerk – ek en jy – ten nouste betrokke by hierdie stryd?

Ons is betrokke deur gereeld te bid. Gebede is een van die magtigste wapens wat die gelowige kan gebruik!

Wanneer ons “Laat u koninkryk kom” bid, vra ons vier sake van God:

Eerstens vra ons na sý koningskap *in* onself! Want die stryd woed in onself, sê Paulus in Romeine 7: “Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie; en die kwade wat ek nie wil doen nie, doen ek. Ek ellendige mens!” Ons bid dus dat God se koninkryk *in onself* sal kom, sodat ons deur God se Gees en Woord geregeer sal word.

Tweedens bid ons dat sý koninkryk *deur* ons sal kom. Ons bid mos dat God die kerk sal bewaar en ook sal vermeerder.

Ons wil mekaar ondersteun en aanmoedig in die geloof en aan mekaar barmhartigheid betoon.

Derdens bid ons dat die koninkryk van God *rondom* ons mag kom. Ons bid dat die duiwel en elke mag wat teen God werk en alle kwaadwillige planne wat teen God se Woord bedink mag word, vernietig sal word. Ons wil ons mense daarteen beskerm deur die prediking en getuigenisse wat ons in die wêreld voorhou.

Vierdens is ons betrokkenheid by God se koninkryk dat ons *tot die einde toe sal volhard* in die gebed *totdat* dit in sy volkommenheid kom met die wederkoms van ons Here Jesus Christus.

Die gelowige kán ook die tweede bede “Laat u koninkryk kom!” bid

Ons hét immers die vooruitsig van Openbaring 12:10: “*n Groot stem in die hemel sê: Nou het die heil, krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus.*”

Dán sal die Here alles in almal wees! Wat ’n heerlike vooruitsig en verhoging van die bede! ^{DK}



Die proklamering van God se wêreldheerskappy



**“Die koningskap oor die wêreld behoort aan ons Here en sy
Gesalfde, en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid.” –
Openbaring 11:15**

Ons lees onder andere in Openbaring 10:11 (AFR83): “Jy moet weer God se boodskap aangaande baie volke nasies, tale en konings verkondig.” Dit is ’n opdrag aan die kerk in die eindtyd. Dit verkondig God se wêreldheerskappy oor volke, nasies, tale en maghebbers. Hy spreek die laaste woord. Deur sy Seun wat die magte van die bese en die dood oorwin het, regeer Hy oor alle dinge (vgl. HK v/a 50).

Deur alle eeue

God se wêreldheerskappy is egter nog deur al die eeue verkondig. So lees ons onder andere in Jeremia 1:10 (AFR 83) God se opdrag aan sy profeet: “Kyk, Ek stel jou vandag aan oor nasies en oor koninkryke om af te breek en uit te roei, om te vernietig en plat te slaan, te bou en te vestig.” En veral in Jeremia 46 – 51 kry ons dan die oordele van God wat uitgespreek word oor Egipte, die Filistyne, Moab, Amon, Edom en uiteindelik oor die wêreldryk van Babel.

Die geskiedenis bevestig die vervulling van bogenoemde en baie ander profesieë in die Bybel. Die een wêreldryk na die ander het gekom en gegaan. Die almagtige God het hulle gebruik in die volvoering van sy raadsplan. En in die volheid van die tyd het Jesus Christus as tweede Persoon in die Goddelike Drieëenheid ook mens geword en God se wêreldheerskappy bevestig toe Hy ná sy kruisdood en opstanding opgevaar het na die hemel en gaan sit het aan die regterhand van God, die Vader. Daarvandaan het Hy sy Gees gestuur om deur sy Woord te regeer.

Alhoewel die stryd hier op die aarde steeds woed nadat die duiwel na ons neergedal het met groot woede (Op. 12), kan niks ooit weer God se wêreldheerskappy tot niet maak nie. In hierdie lig beleef ons ook vandag die direkte of indirekte magsontplooiing van wêreldryke soos Rusland, Sjina, Noord-Korea, ensovoorts. Maar dit sal alles onafwendbaar uitloop op die finale vernietiging van die groot stad Babilon (lees Op. 18) en die volkomeheid van die Koninkryk van God.

Die proklamering van God se wêreldheerskappy

Die vraag wat in hierdie artikel aan die orde gestel word, is of die kerk genoeg erns maak met hierdie

waarheid en die proklamering daarvan in die vervulling van ons roeping in hierdie besondere tyd. Watter plek neem die Woord van God in die raadsale van die wêreld in?

Die Bybel is die mees gelese boek in die wêreld, omdat God se Gees soewerein en vrymagtig werk. Maar die vraag is, van die kerk se kant gesien, of hierdie aspek van God se heerskappy nie tot ’n groot mate verwaarloos word nie. Die Bybel is ’n godsdienstige boek, ’n boek wat alles te doen het met ons persoonlike geloof in God. Die Heilige Gees werk deur die verkondiging van die Woord die wedergeboorte en geloof in ons harte. Die Bybel is egter nie beperk tot ons persoonlike godsdienstige en geloofslawe nie. Die Bybel is die openbaring van God oor Homself en sy verhouding met sy skepsele en met die ganse skepping. Die Bybel is die openbaring van God se almagsrol in die geskiedenis en in die besluite en optrede van wêreldleiers. Die Bybel verkondig die eer en majesteit en heerlikheid van God as die enige ware God. En Hy doen dit alles deur Christus. Hy het sy Seun na hierdie wêreld gestuur om sy heerskappy te bevestig. Christus regeer deur sy Woord en Gees. Die profete soos Jeremia het niks anders gedoen as om te profeteer: “So spreek die Here” nie. Dit is deur die Woord van die Here dat Jeremia koninkryke afgebreek en uitgeroei, vernietig en platgeslaan, gebou en gevestig het.

Dit bly steeds die roeping van die kerk. Die almag van God, soos Hy dit uitoeien deur Christus en deur sy Woord en Gees, moet geproklameer word, ook aan die wêreldleiers van ons tyd. Die president van Rusland en Sjina en die VSA en Noord-Korea, en Suid-Afrika, is vandag presies net soos die farao’s en Nebukadnesar en Kores en Augustus van ouds, nietige instrumente in die hande van ons God en Vader in die volvoering van sy Raadsplan.

“God die Heer wat sy gedugte stoel bo sterrestig, sien van sy hoogtes neer; Hy lag en spot dat hul so vrugt’loos woel en, magteloos, verniet hul krag verteer. God sal sy wraak laat neerstraal voor hul oog; dan gloei die lug van vlamme onweerslig. Dis God wat spreek! Hy donder van omhoog en jaag sy skrik hul in die aangesig.”

(Ps. 2, berymd)

Ons mag hierdie perspektief nooit verswyg of verloor nie. ^{CFCC}

Opskerping van ekologiese verantwoordelikheid

deur liturgiese handeling van treur en lof

Bekommernis oor die omgewing

Die afgelope dekades het daar 'n groeiende belangstelling en bekommernis ontstaan oor ons omgewing, die ekologie. Die uitwissing van sekere plant- en dierspesies, die besoedeling van water en die drastiese vermindering van kritieke lewensbronne is tendense wat ook gelowiges in hulle aanbidding behoort aan te spreek.

Twee voorbeelde van ekologiese rampe is die olieboortoring-ontploffing in 2010 in die Golf van Meksiko. Meer onlangs die breek van die damwal by 'n myn in Jagersfontein. Eersgenoemde het die uitbarsting geweldige skade aan die seelewe aangerig: duisende seediere, seeskilpaaie, ontelbare hoeveelheid visse en ook 11 mense sterf. Altesaam 8000 spesies is uitgewis. Vars in die geheue is die ontwrigting in Jagersfontein: mense en diere sterf, en blywende skade aan die omgewing word deur die slikwater veroorsaak.

Ons verantwoordelikheid as God se beeld

In Genesis 1:28 kry die mens, as kroon van die skepping, die opdrag om te bewerk en te bewaak. Die mens is volledig deel van die ekologie, want God skep die mens uit die stof van die aarde. Wat uniek aan die mens se skepping is, is dat God die lewensasem in hom blaas en dat hy/sy daardeur in 'n intieme verhouding met die Skepper geplaas word. Die mens en die omgewing is deur die Skepper aan mekaar verbind en deel die pyn en vreugde wat die skepping beleef.

God gee aan die mens die verantwoordelikheid om te sorg, want ons mense is geskep na God se beeld, met intellek, verbeelding, wil en vryheid om dit te kan doen. Dit is veral die roeping van die gelowiges, die kerk, die liggaam van Christus, om in die liturgiese samekoms te getuig van die verhouding tussen die mens en die aarde. Ons moet as kerke die selfondersoekende vraag vra: Hoe dikwels word daar oor die skepping in die eredienste enersyds getreur (deur klaaglied en klaaggebede) en andersyds gejubel (lofprijsing in lied en gebede)? Wetenskaplike navorsing hieroor se oorweldigende bevinding was: byna nooit!

Wat sou die rede wees? Dalk onderbeklemtoning dat God nie net met ons, mense, besig is nie, maar ook met die wêreld waarin ons leef. Of dalk die oorbeklemtoning van die verlossing van die mens en nie ook van die uiteindelijke vernuwning van die aarde nie. Dalk oorbeklemtoning dat Christus Hoof is van sy kerk en Hy nie aanbid word as beide Hoof van die skepping en Hoof van die kerk nie (vgl. Kol. 1).

Liturgiehandeling as opskerping

Dit is noodsaaklik dat ook die liturgie gelowiges moet opskerp om by die ekologie betrokke te raak en om by die liturgie van die erediens en van die lewe 'n ekologiese dimensie in te sluit. Twee kragtige liturgiese handeling in die versterking van ons ekologiese bewussyn is treur (hartseer, berou, uitspraak van pyn; Engels *lament*) en die teenoor-gestelde lof (vreugde, verwondering, lofprijsing; Engels *doxology*). Berou is immers hartlike berou en innige vreugde.



Treurliedere/gebede

In die treurlied/gebede rig die gemeente (ook die individu in die binnekamer) hom/haar tot God, want God luister na 'n belydenis van rou, hartseer en berou. In die treurlied vir die worsteling van oorlewing van sekere wildsoorte (bv. renosters), vir die uitwissing van bedreigde spesies, vir besoedelde lug en water en die negatiewe impak van klimaatsverandering, werk die liturgie mee om die huidige ekologiese werklikhede eerlik aan te spreek en so gelowiges tot aksie op te skerp. In die teenwoordigheid van die heilige God treur die erediensdeelnemers oor hulle skuld en nienakoming van hulle verantwoordelikheid. Verder kan die treurgebed/lied deelnemers opskerp om aktief weerstand te bied teen die verwoesting van lewensbelangrike bronne.

God gee aan die gelowiges treurliedere (soos Ps. 13) wat opreg tot God om hulp roep. Die treur-aspek in ons liturgie raak dikwels verlore weens die feit dat baie gelowiges in 'n suksesgedrewe gemeenskap leef waarin nie plek is vir broosheid, pyn en hartseer nie. Dit kan ook wees omdat daar in die liturgie stilte en bewondering ontbreek omdat daar 'n gebrek is aan ontsag vir die grootheid van God, die Skepper.

Lofprysingsliedere/gebede

Dit is noodsaaklik dat ons, benewens die verwoesting, ook die skoonheid van die skepping met bewondering raaksien. Verwondering vorm deel van die ruggraat van die liturgie. Die uitdaging vir gelowiges

is om die geskape lewe op nuwe maniere te sien, om die aarde te beleef in sy wonderlike kompleksiteit en interafhanklikheid. Die prag van die natuur, van aangrypende landskapstonele tot mikroskopiese deeltjies daarvan, nooi ons tot 'n lofprysingsgevolle liturgie.

In Christus het God die skepping op 'n nuwe wyse betree. Die mensgeworde Een, die Woord-woordens, word 'n aardse wese, word deel van die biologiese lewe met ander op die planeet. Die opgestane Christus vervul ook 'n kosmiese rol om die skepping terug te lei na God. Dit sal realiseer in die volheid van die tyd.

Die vertroue op die grootheid, mag en liefde van God bied die belofte van hoop op vernuwing van die lewe. Dit bring verwondering en lofprysing vir God en sy groot daade van vernuwing ("Ky, Ek maak alles nuut"). Die vernuwing spruit uit die dood en opstanding van Christus, wat die begin van die vernuwingsgebeure is.

Lof en treur

Ons kan in ons liturgie woorde gee aan treur oor die verwoesting van die skepping en ons kan woorde gee aan lof oor die skoonheid van die skepping. Vanuit die treur en lof tot God kan moed geskep word en nuwe moontlikhede na vore tree vir die gelowige se hantering van die ekologiese krisis. ^{DK}

Kobus Venter
(Koorleier: NWU PUK-Koor, Molen Kórus, Noordwes Kinderkoor
en die NWU Boulevard Harmoniste)

Koorsang – *In U Lig*



Kobus Venter is die dirigent van die Noordwes-Universiteit (NWU) PUK-koor en 'n deeltydse dosent in Koorleiding aan die NWU Skool vir Musiek en Konservatorium. Hy het die grade BMus in Uitvoerende Kunste – Stem (cum laude) in 2015 en MMus (Uitvoerende Kunste), in koorleiding (cum laude), in 2021 behaal.

Sy koor se plaaslike en internasionale toekennings en pryse sluit in die Internasionale advent- en Kerskoorfees met Eben-prys (Tsjeggiese Republiek, 2019); twee goue diplomas by die Internasionale fees van advent- en Kersmusiek (Slowakye, 2019 en 2015); *Der Internationale Chorwettbewerb in Spittal an der Drau* (Oostenryk, 2017) waar hulle met die gesogte *Publikumspreis* bekroon is; kategoriewenner en algehele wenner by die Internasionale ATKV Animato Koorkompetisie (Suid-Afrika, 2015); goue medaljes by die Wêreldkoorspele (Suid-Afrika, 2018; Letland, 2014); en onder sy leiding het die NWU PUK-koor drie CD's vrygestel.

Kobus is ook die musikale regisseur van die NWU Boulevard Harmoniste, 'n sesstemmige *a cappella*-ensemble, stigter en mededirigent van die Molen Kórus-kamarkoor in Potchefstroom en mees onlangs aangestel as die dirigent van die Noordwes Kinderkoor. Kobus toer gereeld saam met sy groepe en hulle konserte ontvang baie lof nasionaal en internasionaal.

Koorsang en kore het hulle ontstaan al van die vroegste tye in die wêreld se geskiedenis. Barbara Hanning skryf dat mense al aan die sing is sedert die Gregoriaanse tyd. Musiek is vir soveel van ons 'n integrale deel van ons daaglikse lewe. Ons luister daarna op die radio, in winkels en op die TV. Ons is ingeskryf op musiekstromingsdienste soos Spotify en Apple waar ons speellyste van ons gunsteling genres en kunstenaars kan saamstel en luister. Ons woon ook graag musiek-konserte by en volg die kunstenaars op sosiale media.

Maar, is ons regtig nog die singende nasie van twee of selfs een dekade gelede? Een van my lekkerste skoolherinneringe is die sangperiodes op Woensdagoggende. Ons het as 'n skool gewyde lieder uit volle bors saam gesing. Dit was ook in 'n tyd waar die trots en status van jou skool gekoppel was aan die standaard van jou skoolkoor. Skoliere het tou gestaan om oudisies vir die koor te doen, en al sing jy net 'n paar regte note, was jy in die koor.

In die Psalms en ook op ander plekke in die Bybel lees ons hoe God se kinders Hom met jubelende sang moet loof en prys elke dag van ons lewe. Dit is 'n opdrag! Daarom is gemeentesang ook 'n belangrike deel van ons liturgie elke Sondag. Meeste



gemeentes doen moeite met die begeleiding op orrel of klavier, met die woorde en soms die melodie op die skerm. Die bekende melodieë word gebruik en oor die algemeen is die gemeentesang voldoende. Ons moet wel almal saam erken dat die laaste twee jaar ons sanggeesdrif 'n knou gegee het. Al die kore van die wêreld was stil en gemeentes het hulle bes probeer om die sang-element van die liturgie op 'n aanlynmanier aan te bied. Het jy saamgesing toe die YouTube-diens die woorde en begeleiding op die video geplaas het?

In my onlangse meestersgraadnavorsingsprojek het ek bevind dat die betekenis wat die deelnemers van ensembles soos kore of sanggroepe aan hulle deelname koppel, fisiese, sielkundige en geestelike welstand insluit. Hierdie welstand bevredig van die mens se basiese sielkundige behoeftes en lei tot 'n gevoel van selfbeskikking. Daar is nog soveel ander navorsing wat die waarde van musiek en sang vir die mensdom uitwys. Tydens die pandemie het die NWU PUK-Koor se alumni 'n projek geloods om die bekende Magaliesburgse aandlied van Gawie Cilliers as 'n virtuele koor aan te pak. Die wonderlike gedagte spruit uit 'n tradisie waar elke PUK-Koor sedert die sewentigerjare hierdie lied in hulle repertorium insluit. Elkeen wat deel was van dié koor, is dus deur musiek en die ervaring wat mens op universiteit kon deel, met soveel vriende verbind. Elke stem is individueel by die huis opgeneem, klank en video is saamgevoeg om so-doende die eenheid wat koor-sang aan ons bied, op 'n manier weer te ervaar en oor te dra aan diegene wat luister.



Loer gerus hier: <https://www.youtube.com/watch?v=Mdlr94r1hIM>

Om die sangnagesvolge van die pandemie teen te werk en om weer opnuut die lofprysingsopdrag uit die Woord van die Here na te kom, moet ons myns insiens die volgende doen:

- Self weer aan die sing raak, by die huis en in die kerk.
- Ons kinders leer om te sing, by die huis en in die kerk.
- Ons skole en opvoedkundiges bystaan om samesang op skoolvlak weer te bedien.

Dit is baie eenvoudig, sing net! Ongeag of jy dink jy kan of nie, sing in die motor op pad werk toe, sing liedjies saam met jou kinders en sing uit volle bors tydens Sondag se erediens. Baie gemeentes gebruik lidmate om aan die Kersdienste se sanggroepe deel te neem, skryf jou naam op en neem deel. Onthou, jy sing nie vir jouself nie en ook nie vir jou medelidmate nie, jy sing tot eer van die Here. Die FAK het oulike projekte om ons kinders weer te laat sing. Ek was bevoorreg om betrokke te wees by 'n projek waar ons met "Sing slim liedjies" en musiekwaardering die liefde vir musiek en sang probeer bevorder. Om kinders op 'n vroeë ouderdom hieraan bloot te stel, is krities belangrik, nie net vir hulle eie ontwikkeling nie, maar ook die uitbou van 'n geloofsgemeenskap se sangbydraes in die erediens. Jy kan meer hiervan lees by: <https://www.fak.org.za/faksingslim/>

Ons moet ons kinders ook aanmoedig om deel te word van skool- en streekskore. Persoonlik het koorsang al soveel nuwe deure vir my oopgemaak. Ek kon menige kere die wêreld saam met my vriende ontdek, ek het my vrou in die koor ontmoet en ek staan tans trots in die koorleierberoep. Ek is vir meer as tien jaar professioneel betrokke by kinder-, jeug-, studente- en gemeenskapskore in en om Potchefstroom. Die mees onlangse toevoeging tot my program is die Noordwes Kinderkoor. Elke Vrydagmiddag sing 7- tot 14-jarige kinders heerlijk saam aan 'n verskeidenheid van liederes. As dirigent is dit verblydend om te sien dat daar met soveel genot, oorgawe en eerlikheid gesing kan word. Dalk kan ons iets hiervan leer en in die Koninkryk van God gaan uit-leef!? ^{DK}

Dr. VE d'Assonville (Victor) (GK Postmasburg / RTS Heidelberg, Duitsland)



Calvyn oor kerk en owerheid

SA Reformasiekonferensie 2022, Pretoria, 23 Augustus 2022

Geen teoretiese tema

Daar is nouliks 'n ander datum as juis 23 Augustus wat beter kan getuig hoe wesenlik nadenke oor “kerk en owerheid” is. Die tema “Kerk en Owerheid” is nie bloot iets teoreties nie, maar gaan letterlik oor lewe of dood. Dit is lewensbelangrik – nie slegs vir die taak van die kerk binne die staatsomgewing nie, maar selfs vir die oorlewing van die individuele gelowige.

Op 23 Augustus presies 450 jaar gelede het die moord van wat later as die Bartholomeusnag bekend geword het, plaasgevind. Alleen in Parys is in daardie nag van 23 tot 24 Augustus 1572 sowat 3000 Hugenote (Gereformeerdes) vermoor, waaronder admiraal Gaspard de Coligny. Hierdie bloedbad is deur die owerheid beplan en deurgevoer – die eerste staatsmassamoord in die moderne geskiedenis volgens P Monnet. Hy skryf: Dit was 'n “massa-slagting, gelei, beplan, georganiseer – nie spontaan deur mense nie, nie spontaan deur een of ander groep nie, maar van bo af (vanaf die owerheid), gereël en gekoördineer”. 'n Getuie berig: “Die Rooms-Katolieke het 'n klopjag op alle Hugenote uitgevoer, alle Hugenotelebens uitgewis en hulle in die rivier gegooi. Die strate was besaai met naakte en verminkte lyke, die rivier bedek daarvan.” In die hele Frankryk is in die nadraai van die Bartholomeusnag meer as 20 000 Hugenote vermoor. Die Franse Roomse Kerk – in daardie stadium *de facto* die staatskerk – was in medewerking met die owerheid sentraal betrokke in hierdie moord, in die aanloop asook in die verdere ontwikkeling en feesvierings daarna. “Kerk en Owerheid” raak ons almal, raak alle gelowiges, die kerk, direk.

Calvyn

Die boekrakke vol studies oor Calvyn se siening van veral die kerk, maar ook oor die verhouding tussen kerk en owerheid, beslaan letterlik baie meters en meters in verskillende tale en deur die eeue heen ... In 1974 het daar al uit die stal van die destydse IBC (Instituut vir die Bevordering van die Calvinisme) 'n Afrikaanse studie uit die hand van wyle LM du Plessis verskyn, waarin 'n literatuuropgawe met selektiewe bespreking van werke oor hierdie onderwerp te vinde is, asook 'n kort lys van werke uit die hand van Calvyn waarin dit aan die orde kom. Hier word dus slegs enkele pennestrepe oor Calvyn se sig op kerk en owerheid getrek.

Plek in Calvyn se teologie

Nadat Calvyn in *Boek 1* van sy *Institusie* die hele geloofsleer oor God as Skepper (o.a. God Drie-Enig, die voorsienigheid, die uitverkiesing, die mens as beeld van God ens.) behandel, kom Christus aan die orde in *Boek 2* – dus: die verlossing, die plek en betekenis van die wet, die evangelie, ens.). In *Boek 3* gaan dit oor die persoon en werk van die Heilige Gees, onder meer die heiliging en die regverdigmaking. Interessant genoeg vind ons ook hier in *Boek 3* die eerste verwysings en onderskeidings deur Calvyn ten opsigte van die owerheid sowel as die kerk en die owerheid.

In *Boek 4* wat ook oor die Heilige Gees handel, veral die uiterlike hulpmiddels wat deur die Here gebruik word om die gelowige in gemeenskap met Christus te bring, is die hooftema eintlik die kerk. En dit is dan ook in hierdie vierde boek van die *Institusie* (1559)

dat Calvyn in die laaste hoofstuk, hoofstuk 20, by die owerheid uitkom – die “burgerlike regering”. ’n Bekende Amerikaanse kenner oor Calvyn en sy teologiese besinning oor die kerk en die owerheid, R Kingdon, gaan sover om te sê dat *Boek 4* “uitsluitlik oor hierdie tema” (Kerk en Owerheid) handel (Calvyn Handboek).

Volumegewys beslaan Calvyn se uiteensetting oor hierdie tema dus byna een derde van die hele *Institusie*. Uiteraard is die grootste deel van hierdie behandeling die hantering van die kerk, maar nogtans toon Calvyn duidelik aan dat die kerk nie in ’n lugleegte bestaan nie. DF Du Plessis in sy proefskrif van 1994 kom met verwysing na Calvyn se biografie en werksaamhede in Genève tot die gevolgtrekking: “Die grootste deel van Calvyn se werkstyd in Genève is ... deur hierdie vraagstuk (verhouding tussen die kerk en die staat) in beslag geneem ...” Dit het gebeur “deurdat hy voortdurend in stryd was met die staatsgesag wat die kerk wou oorheers en aan hom wou voorskryf” (Du Plessis, 1994).

Juis teen die verdraaide sienings van sy tyd (aan Roomse kant asook aan die ander ekstreme kant, die Anabaptiste), maar ook teen ander protestantse sienings moes hy mooi die Bybelse pad deur die stormwaters aantoon. Ander belangrike dokumente uit sy hand wat die problematiek ook hanteer, is die kerkorde, die orde oor ampsdraers asook vele wetsontwerpe vir die stad Genève wat uit sy pen gespruit het. Die invloed van Calvyn op die Westerse samelewing daarna was enorm.

Algemene idee van owerhede in Calvyn se tyd

Tydens die eerste helfte van die 16de eeu en die daaropvolgende jare was die algemene opinie dat die beste regering meestal – gebaseer op die beginsel van monargie – deur ’n individu gelei moet word (Kingdon), na analogie van ’n familie (met ’n vader as hoof). Ook kerklik was dit só toegepas, met individuele persone (biskoppe) aan die leiding van ’n kerklike provinsie, en met die pous (biskop van Rome) wat op sy beurt die eerste onder gelykes was en die globale “kerk” gelei het.

Daar het egter met verloop van tyd ook ’n tweede idee posgevat, veral in die vrye “rykstede” van die *Heilige Romeinse Ryk van die Duitse Nasie* (grootste deel van Europa), waarby ’n groep persone kollektief die politieke leierskap uitgeoefen het.

Veral in die stede waar Calvyn ná sy oorgang tot die Reformasie die meeste tyd deurgebring het, byvoorbeeld Basel, Genève en Straatsburg, was hierdie oortuiging aan die orde van die dag. Calvyn as volwasse teoloog het dus ook in sy eie werkkring en omgewing met owerhede te doen gehad wat nie slegs een gesaghebbende persoon aan die spits gehad het nie, maar ’n groep, byvoorbeeld ’n “raad”. Tog was dit nie vir hom uitsluitlik die enigste aanvaarbare posisie nie. Uit sy briewe aan konings en ander individuele ampsdraers kom na vore dat nie die vorm nie, maar die *gehoorsaamheid aan Gods Woord* die deurslaggewende beginsel is.

Vrye kerk ... vrye staat

Wanneer na Calvyn se onderskeiding van die geestelike jurisdiksie en die tydelike jurisdiksie (*Inst.* 3.19.15) gekyk word, word die spoorwissel al gelê vir dit wat in *Boek 4* verder uiteengesit en ontplooi word – die onderskeid tussen die twee sfere waarby alles wat ons raak, wel omvat word. Binne hierdie twee sfere is daar egter ’n duidelike onderskeid tussen die kerk as uiterlike hulp- en ondersteuningsmiddel tot gemeenskap met Christus aan die een kant, en die burgerlike regering, die owerheid (in Latyn “die politieke administrasie”) aan die ander kant. By laasgenoemde (*Inst.* 4.20.1 e.v.) praat hy van die tweevoudige regering in die mens.

Samevattend kan dit beklemtoon word dat Calvyn hom beywer het vir ’n vrye kerk in ’n vrye staat. In die woorde van DF du Plessis (1994): “Alhoewel beide kerk en staat teenoor mekaar vry behoort te wees, is albei egter gebonde aan die eise wat God aan elk een stel.” ^{DK}





Nederlandse Geloofsbelydenis

Art. 36 oor die owerheid

SA Reformasiekonferensie 2022, Pretoria, 23 Augustus 2022

Ongebonde, boos, veglustig. Opstandig, rebels, rewolusionêr. Dit is hoe die mens ná die sondeval is. Geneig tot alle kwaad. Liefdeloos, haatdraend. Die gevolg daarvan is dat gesonde saam-leef in 'n goed geordende samelewing onmoontlik word.

Maar God laat dit nie daar nie. Ons goeie God het in sy uitnemende wysheid en goedheid die mens weer opgesoek toe Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp en geheel en al ellendig gemaak en al bewende van Hom weggevlug het. God het die mens toe getroos met die belofte om aan hom sy Seun te gee en hom salig te maak (NGB Art. 17).

God troos verder deur die orde in die samelewing te herstel: die orde wat vanweë sonde in chaos verval het. Daaroor gaan dit in Artikel 36 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis.

Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het. Dit is immers sy wil dat die wêreld deur

middel van wette en regerings geregeer moet word. God het owerhede ingestel en aangestel. In Romeine 13:4 lees ons dat die owerheid 'n dienaar van God is. Daar staan letterlik: hy is 'n *diaken* van God. 'n Diaken is iemand wat 'n sekere diens verrig. Paulus noem homself 'n diaken as hy na sy apostoliese werk verwys (2 Kor. 3:3).

Jesus Christus is die groot Diaken, wat gekom het om te dien en nie om gedien te word nie. Sy Middelaarswerk is diakenswerk, dienswerk. Nadat Hy sy diakendiens volkome volbring het, het die Vader aan Hom alle mag in die hemel en op die aarde gegee. En wat doen Christus, die Gevolmagtigde Opperdiaken? Hy stel op aarde oral diakens in sy diens aan om in die Naam van God te regeer.

In dié sin is owerhede ook diakens. Hulle is geen oorheersers nie, maar diensknegte van God – vir die onderdane ten goede. Owerheidswerk is dus ampswerk.

In Romeine 13:6 is daar weereens sprake van owerhede wat dienaars van God is. Dié keer word daar nie van diakens gepraat nie, maar van *liturge*. Hulle staan nie alleen as ampsdraers in diens van God oor die volk nie. Hulle staan ook namens die volk voor God. 'n Liturg is gebind aan die instellings van sy meester. Deur middel van goeie wetgewing en regering moet die owerhede die volk aan die enige ware God bind.

Die gedagtegang van Romeine 13, soos wat ons dit in Artikel 36 bely, is uitnemend. Magte is deur God ingestel oor die mense. Die ingestelde magte word bedien en uitgeoefen deur owerhede. Owerhede is ampsdraers van God. Langs dié weg laat God sy Koningskap in ons midde geld. So kom daar orde in 'n gebroke samelewing.

Die Godgegewe ampswerk van die owerhede is omvangryk. Hulle moet die losbandigheid van die mense in bedwang hou sodat alles onder die mense ordelik kan verloop. Vir dié doel het God die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf en die deugsames te beskerm. Hulle moet aan die staatsbestuur aandag gee en daaroor

waak. Hulle moet ook die heilige Woordbediening beskerm.

Owerhede se beskerming van die heilige Woordbediening kom daarop neer dat die kerk beskerm moet word. Sowel die owerhede as die kerk se werk moet daarop gefokus wees dat God deur elkeen geëer en gedien word soos Hy in sy Woord beveel.

Die slotwoorde van Artikel 36 is skerp. Ons verfoei die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidsgezag en die regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot, terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder mense ingestel het, versteur. Teenoor almal wat chaos in die samelewing saai deur die gezag van die owerhede te ondermyn en maar net doen wat goed is in hulle eie oë, staan ons belydenis wat niks anders as beaming van God se Woord is nie (Rom. 13:1, 2): *“Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang”*.

Christus het ons verlos van ongebonde, opstandige rebelsheid. Ons is verlos sodat ons die Godgegewe orde sal handhaaf. Prakties beteken dit: Ons sal ons aan die owerhede onderwerp. Ons sal belasting betaal. Ons sal aan hulle eer en onderdanigheid bewys. Ons sal hulle gehoorsaam wees in alles wat nie met die

Woord van God in stryd is nie. En ons sal vir hulle voorbidding doen dat die Here hulle in al hulle handeling mag bestuur, sodat ons in alle godsvrug en eerbaarheid 'n rustige en stil lewe kan lei (1 Tim. 2:1-7).

So bely ons. So moet ons leef, ook in uitdagende tye – in verantwoordelijkheid voor God. ^{DK}

Artikel 36

DIE BURGERLIKE OWERHEID

Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het. Dit is immers sy wil dat die wêreld deur middel van wette en regerings geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop.

Vir dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf (Rom 13:4) en die deugsames te beskerm. En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daarvoor te waak nie maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm, om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat verkondig, sodat God deur elkeen geëer en gedien word soos Hy in sy Woord beveel.

Verder is elkeen verplig, van watter hoedanigheid, rang of stand hy ook al mag wees, om hom aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, aan hulle eer en onderdanigheid te bewys, hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie, en vir hulle voorbidding te doen dat die Here hulle in al hulle handeling mag bestuur, sodat ons in alle godsvrug en eerbaarheid 'n rustige en stil lewe kan lei (1 Tim. 2:2).

Hierin verfoei ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidsgezag en regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot, terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense ingestel het, versteur.

Eks. 18:20; Rom. 13:1; Spr. 8:15; Jer. 22:3; Ps. 82; Deut. 1:16; 16:19; 17:16; 2 Kor. 10:6; Ps. 101; Jer. 21:12; Rig. 21:25; Jer. 22:3; Dan. 2:21-22; (5:8); Jes. 49:23; 2 Kron. 23; 1 Kron. 15:12; Rom. 13:1; Luk 22:1; 1 Pet. 2:17; Tit. 3; Matt. 17:27; Hand. 4:17-19; Hand. 2, 5; Hos. 5:11; Jer. 27:5; 2 Pet. 2:10; Jud. 1:10; 1 Tim. 2:2.

Die noodsaak van Gereformeerde herlewing en evangelisasie

Meer as ooit het Suid-Afrika se Gereformeerde Kerke herlewing nodig en moet dit ywerig nagestreef word. Die vereiste is ware Godskennis, gebed en toewyding. Sodat die kerk en die gelowiges die evangelie – God se verlossingsdade – kan en wil belewe – en verkondig.


Dit is die een kern van 'n aantal van prof. Koos van Rooy se geskrifte wat onlangs in boekvorm deur die GKSA se sendingdeputate uitgegee is.

Prof. Van Rooy is sonder twyfel die doyen van sendelinge in Suider-Afrika. Hy het in 1957 as sendeling in Siloam in vandag se Limpopo-provinsie begin en is tot vandag nog steeds op verskeie maniere by sending betrokke.

In al hierdie jare het hy ook baie gepubliseer. Nou het hy ses van sy geskrifte vir publikasie in boekvorm beskikbaar gestel, drie in Afrikaans en drie in Engels. Dit is in 'n netjiese boek van 162 bladsye gepubliseer met as titel "Evangelisasie en Herlewing. Lesse vir Suid-Afrika / Evangelism and Revival. Lessons for South Africa".

Herlewing in 'n aantal lande was geestelike opwekking en verbondsvernuwing, en hoef nie kerkverwoestend te wees nie, soos in sommige kringe geglo word. Van Rooy beskryf hoe dit in 'n aantal lande tot kerkherstel bygedra het.

Die ander kern in die boek is hoe effektiewe kruiskulturele kommunikasie van die evangelie moontlik gemaak kan word, onder meer deur rekening te hou met die geestelike lewe van 'n Afrikakultuur en die noodsaak van antitetiese konfrontasie, byvoorbeeld wat betref voorvaderaanbidding.



Evangelisasieprediking moet rekening hou met die ontvanger se kultuur, beide wat betref vorm en inhoud. Hy beskryf die gebruik van die Pauliniese benadering.

Die laaste geskrif in die boek toon aan hoe Gereformeerdes steeds 'n reformatoriese invloed in Afrika kan wees. Dit is deur Bybelonderwys vanuit 'n reformatoriese perspektief te bevorder.

Ten slotte bied prof. Van Rooy 'n lys onderwerpe wat nie gemis kan word by enige teologiese kurrikulum nie, ongeag die akademiese vlak. Behalwe 'n lys teologiese onderwerpe, sluit dit ook praktiese aspekte in soos praktiese evangelisasie, Christelike onderwys, kommunikasie, kerk- en sendinggeskiedenis, kerkplanting en ook eenvoudige boekhouding en ouditering.

– Rob van der Kooy

Die boek is teen R100 (poskoste uitgesluit) beskikbaar by:

- **Sendingdeputate, kantoor@gksamissio.co.za, sel. 061 522 1559**
- **AdminBuro, bestellings@gksa.co.za**

Finalejaar teologiese studente



Johan Willemse

Ek is Johan Willemse. Ek kom van Bethlehem af. Ek het in Bethlehem Voortrekker Hoërskool gematrikuleer in 2016. Ek het grootgeword in die Oos-Vrystaat.

Ek is baie lief vir die natuur. Ek hou baie van voëls en hoop om eendag 'n kamera te koop om hulle af te neem. Ek geniet daaglikse oefening, en terselfdertyd hou ek baie daarvan om kos te maak en nuwe disse te probeer.

Barend van der Westhuizen

Soos ek die einde van my teologiese opleiding nader, verlang ek om die Here se gemeentes met sy Woord te bedien. Ek is geheel en al van my innerlike roeping oortuig. Ek en my wonderlike vrou Carike is nou vir so byna nege maande getroud. Carike gaan, as die Here wil, volgende jaar haar Zuma-jaar as apteker vir die staat moet doen en my voorneme is om volgende jaar verder te studeer. In die verdere studie sal my hart steeds ywerig verlang om in diens van Christus die evangelieboodskap onder leiding van die Heilige Gees te gaan bedien. As ons Here wil, sal ek einde 2023 by die streeksinode aanmeld.



Nardus Buys

Ek is Nardus Buys van die Moot in Pretoria. Ek is daar gebore en grootgemaak. Ek was in Hoërskool Oos-Moot en het in 2015 gematrikuleer. Ek is 'n man van vele belangstellings en talente, van visvang tot meubels restoureer. Ek vind vinnig iets

om te doen en is graag van hulp vir ander mense ook. Plante en tuinmaak is vir my baie opwindend. As dit kom by dinge regmaak, is ek daar en ek weet 'n ding of twee as dit kom by visvang. 'n Stappie elke dag hou my kop skoon en my lyf gesond. Staptoere en kampe doen ek sommer net waar 'n boom sy skadu gooi. Ek klim graag op my fiets en ry 'n paar kilometer om

die wêreld te verken en myself fiks te hou van al die kerktnannies se kos. Navorsing oor onderwerpe en 'n breë kennis daarvan is vir my baie belangrik.

My nooi is van die Molopo. Sy is Elsje Vorster en kom uit die Geref. Kerk Goeie Hoop, Piet Plessis. Ons is tans verloof en beoog om op 18 Februarie 2023 te trou, as dit die Here se wil is. Sy het haar graad in sportafrigting en MBW. Sy het haar pastorale beradingskursus se teorie voltooi en moet haar praktiese ure doen. Sy is ook tans besig met haar NGOS vir Afrikaans, Wiskunde en LO vir senior- en VOO-fase.

Ek en Elsje is baie passievol oor die jeug. Ons woon graag jeugkampe van die GKSA by en hou daarvan om met die jeug te werk. Ons voel dis belangrik om die jeug in te sluit in die kerk deur lekker aktiwiteite.



Floris van Staden

Ek is die middelste van drie kinders en het my grootwordjare in Rustenburg spandeer, waar ek ook in 2015 gematrikuleer het. In 2016 skop ek af met my teologiese studies aan die Teologiese Skool te Potchefstroom. Tus-



Teologiese Skool

sendeur het ek ook my Honneursgraad in Grieks voltooi.

In 2019 het ek en my verloofde Misa mekaar ontmoet en ons het verloof geraak in 2022. Sy is 'n plaasnooi afkomstig van die Kroonstadomgewing en het in 2018 gematrikuleer. Sy is ook tans besig met haar BTh-graad in pastorale berading met psigologie, waarna sy beplan om haar nagraadse onderwysertifikaat te doen.

Ons het albei 'n groot liefde vir die natuur en veral plante en bonsai-bome. Ons is ook baie lief vir kamp, hengel en saam kosmaak. Ons en ons twee honde geniet dit ook baie om te stap en nuwe plekke te sien.

Ons is beide lidmate van die GK Cachet, waar ons op verskeie strukture dien en die gemeente se doen en late besonders baie geniet! Ons is baie opgewonde oor die pad wat voorlê, vir ons troue en vir alles wat die toekoms vir ons inhou, om die Here se Naam groot te maak waar Hy ons ook al mag stuur.

ID Nagel



Ek is ID (Izak De Villiers) Nagel, finalejaar teologiese student in 2022. Ek is gebore in Pretoria in 1998, en van ses maande oud boer my ouers in Vaalwater in die Waterberge. My pa is boer en my ma 'n mondhygiëniste in Ellisras. My tuisgemeente is GK Vaalwater waar my ouers

steeds lidmate is. Ek was in Laerskool Vaalwater en het in 2012 hoërskool toe gegaan in Pretoria, en in 2016 by die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster in die Moot gematrikuleer. Ek wou argitektuur studeer en daarom was 'n tegniese hoërskool my eerste keuse. Maar in my graad 10-jaar, toe ek begin het om voor te berei om belydenis van geloof af te lê, het ek die roeping baie sterk begin voel om vir predikant te studeer. In my graad 11-jaar het ek sekerheid gehad en ingeskryf by die NWU en het in 2017 begin met my studies. Ek is ook van toe af 'n lidmaat van GK Cachet.

In my eerstejaar ontmoet ek vir Jonette Terblanche, by een van GK Cachet se kampe. Ons begin in Novembermaand van daardie jaar uitgaan. Vier jaar later op dieselfde dag vra ek haar om te trou, en ons trou toe op 11 Junie 2022. Sy kom ook uit die Moot, Pretoria uit – en studeer aan die NWU pastorale berading. Sy is tans besig met haar

meestersgraad. Ek hou baie van sport, as ek nie self golf of tennis speel nie, kyk ek graag dit op die televisie. Ek het ook 'n groot liefde vir die bos, en sal elke kans wat ek kry in die Wildtuin wil kom.

Wimpie Jansen van Vuuren

Ek is gebore in Potchefstroom op 27 Oktober 1995. My hele lewe lank woon ek in Fochville en is ek 'n lidmaat van die plaaslike gemeente (GK Buffel-doorns). Ek het ook die voorreg gehad om hier vir twee jaar as diaken en vier jaar as ouderling te dien. Ek het by Hoërskool Fochville gematrikuleer in 2013 en is in 2014 na die TSP.




Ek is maar 'n plat op die aarde, klein-dorpie mens. My pa het my geleer om eenvoudig te lewe en om altyd vriendelik te wees. Dit keer egter nie my ywer vir die kerk en kerkgroei nie. Een van my grootste drome is om die wêreld waarin ons nou leef met 'n gereformeerde teologie tegemoet te kom. Ek hou ook baie van visvang, jag, die langpad aandurf en natuurlik, braai! Om die geleenthede in die lewe, wat God gee, te geniet, is ook vir my kosbaar. Daarom hou ek daarvan om nuwe dinge te ontdek en pak ek graag enige uitdagings aan.

Ek is nog enkellopend, maar ek vertrou dat die Here "die een" op sy tyd sal stuur. Ek het gelukkig 'n klein Jack Russell-hondekind, Romeo, wat my aandag en liefde geniet. Ek is oor die algemeen baie lief vir diere.

Quintin Venter

Ek en my vrou, Ammie, het beide grootgeword in die Moot, Pretoria. Hier het ons mekaar by die Geref. Hoërskool Dirk Postma ontmoet in graad 8 en het goeie vriende geword. In 2015 het ons saam gematrikuleer en so het ons paadjies ook geskei. Ek is Potchefstroom toe om teologie te studeer en Ammie studeer opvoedkundige sielkunde aan die Universiteit van Pretoria. Dit is eers teen die einde van ons tweede jaar wat ons 'n verhouding aangeknoop het. Teen die einde van ons derde jaar is ons verloof en middel vierde jaar is ons getroud (21 Junie 2019).



Ons het vir twee jaar in Potchefstroom gebly, maar het in Oktober 2021 teruggetrek na Pretoria. Hier, by GK Waterkloofrand, het ek die geleentheid gekry om maandeliks te preek en huisbesoeke te doen. Op dié manier het die Here my 'n besonderse geleentheid gegee ter voorbereiding vir die bediening.

Tans gee Ammie deelyds skool by die Geref. Hoërskool Dirk Postma vir graad 8's en 9's. Die res van die tyd is sy besig met illustrasie van handboeke en storieboekies. In haar vrye tyd teken of verf sy graag. Saam het ons al baie avonture gehad. Ons geniet dit baie om tyd in die natuur te spandeer, hetsy die droë Karoo en Kalahari, die ruigtes van die bosveld, die plat vlaktes van die Vrystaat of die oneindigheid van die blou see. Self hou ek van bome in miniatuurvorm (bonsai), houtwerk en enige ander handewerk, fietsry, lees, kampeer, visvang, jag, kosmaak en natuurwandeling.

Philip Wepener

Ek is in 1995 in Polokwane (Pietersburg), die hoofstad van Limpopo, gebore. In die Geref. Kerk

Pietersburg-Noord is ek gedoopt en het ek belydenis van geloof afgelê. Ek het in Polokwane skoolgegaan en in 2013 gematrikuleer.

Reeds op hoërskool was ek bewus van die Here se roeping en ek het direk ná skool aansoek gedoen om teologie te studeer. As gevolg van finansiële redes kon ek nie dadelik by die Teologiese Skool in Potchefstroom studeer nie. In 2014 en 2015 het ek by Taberna Dei-Akademie (NWU-afstandleersentrum) in Polokwane gestudeer. In 2016 het die Here voorsien dat ek voltyds by die Teologiese Skool kon studeer. Ek voltooi DV vanjaar my studies en beplan om volgende jaar (2023) my meestersgraad in Ou Testament doen. Die rede vir die meestersgraad is omdat ek 'n voorliefde vir die Psalms en die Afrikaanse Psalmberyming het. Wanneer ek my meestersgraad DV volgende jaar voltooi, sien ek baie uit om te gaan waar die Here my stuur om sy bruidskerk te bedien. ^{DK}



Familie-artikels vind veilige tuiste



Die bekende predikant prof. Jan Lion Cachet se laaste familie-artikels het nou 'n veilige tuiste gevind by die Gereformeerde Kerk Museum (GKSA) in Molenstraat. Die laaste oorlewende kleinkind van prof. Lion Cachet, Ester Miriam Coetzee (92), het op Vrydag 9 September 2022 'n paar besondere familie-artikels aan die museum geskenk om vir die nageslagte en geskiedkundige redes behoue te bly.

Een van hierdie kosbare artikels is 'n ornament van 'n hondjie wat op die lessenaar gestaan en as 'n sleutelhouer in haar oupa se huis in Burgersdorp gefunksioneer het. "My oupa het gevra waar die sleutels is, toe vertel my ouma dat dit aan die hond se stert is. Min wetend het my oupa hom vererg,

maar eintlik het die sleutels regtig aan hierdie hond se stert gehang," vertel Coetzee, wat tans by Huis Eikelaan in die versorgingseenheid woon.

Haar ma, Lettie, was getroud met prof. Joon van Rooy, voormalige rektor en dekaan van die PU vir CHO.

Op 92 is Coetzee se brein nog helder en onthou sy die verskillende familiestukke en hulle belangrike betekenis vir haar. Dit is juis oor die sentimentele waarde van hierdie stukke dat sy ingestem het dat dit veilig in die museum bewaar moet bly.

Nog 'n belangrike artikel is die Joodse bidmantel wat prof. Lion Cachet se pa, Salomon Lion Cachet, gedra het en wat deur die generasies behoue gebly het.

'n Aantal voorwerpe uit die GKSA Kerkmuseum-versameling op bruikleen by die Burgersdorp Kultuurhistoriese Museum is in Juliemaand met aandrang van die Cachet-afstameling na die Kerkmuseum teruggeskuif.

Onder die kosbaarhede is 'n swart lamfer-rookmus van prof. Cachet wat hy gedra het as merk van rou na die dood van sy seun in die Anglo-Boereoorlog.

Carmie Huisman, die argivaris by die Gereformeerde Kerk Museum, en Suzette Coetzee, 'n museumbeampte, gaan nou hierdie artikels veilig bewaar.^{DK}



DOODSBERIG

KRUGER: Paul (1929 – 2022). Stephanus Roedolf, Paul soos almal hom geken het, is op 4 September 2022 op 93 jaar na sy Hemelse Vader. Na 'n baie groot beroerte op 13 Augustus het God ons in genade nog drie weke gegun om afskeid van ons geliefde man, pa, oupa en oupagrootjie te neem voor Hy hom Huis toe geneem het. Ons eer God vir sy mooi en lang lewe. Paul het vir meer as 40 jaar met vreugde in die kerkraad op Kroonstad, Viljoenskroon en Klerksdorp as ouderling, skriba en hoof van die kategese gedien. In Klerksdorp was hy ook etlike jare verantwoordelik vir die predikante en gemeentes van die twee sendinggemeentes. Na hy en Nanna in 2006 na Pieter en Annelie in Pretoria verhuis het, het hy hom veral op die kleinkinders en sy plante toegespits. Paul laat sy vrou van 65 jaar, Nanna, sy vier kinders en hulle eggenotes, sy sewe kleinkinders, sy sewe agterkleinkinders en sy susters Sophie en Drienie agter. Hy het werklik die tyd uitgekook. Soli Deo Gloria.

GELUKWENSE AAN ...

Ds. Daan en Fransie Bakker van GK Boksburg met die geboorte van 'n kleindogter.

Ds. Hans en Annemie Grobler van GK Bloemfontein-Suidheuwels met die geboorte van 'n kleinseun.



Dr. Leoné Tiemensma, eggenote van ds. Eddie Tiemensma, emeritus-predikant van GK Kemptonpark, met die verwerwing van haar PhD-graad in Inligtingkunde by UNISA. Die titel van haar proefskrif is: "The publishing history and production patterns of picture and illustrated South African children's books published from 2000", met die fokus op die produksie van kinderliteratuur in die Suid-Afrikaanse literêre sisteem (in die 21ste eeu).

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante/professore met hulle verjaardae in November

1 November: Ds. WJ Botha (Kobus) – GK Bloemfontein-Noord

2 November: Ds. EA Venter (Erasmus) – GK Okavango

4 November: Ds. SJ Ntuli (Simon) – GK Mnywana

4 November: Ds. JC Potgieter (JC) – GK Tshwane

8 November: Ds. CJ van Heyningen (Johan) – GK Stellenbosch

9 November: Ds. JD Potgieter (Dreyer) – GK Meyerspark

11 November: Ds. BC Smit (Ben) – GK Pretoria-Meintjeskop

15 November: Dr. D Lartz (Deon) – GK Edenvale

19 November: Ds. R Steyn (Ruan) – GK Tsumeb

22 November: Ds. PJ Grové (Sloet) – GK Wapadrand

22 November: Ds. MG Mdluli (George) – GK Diepkloof

24 November: Dr. JD Mienie (Juan) – GK Zeerust

24 November: Dr. De W Saaiman (De Wet) – GK Krugersdorp

26 November: Ds. DJ de Bruyn (Dirk) – GK Mosselbaai

28 November: Ds. MJ Letebele (Masilo) – GK Thabong

28 November: Ds. DJ Dykstra (Dirk) – GK Nigel

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti/emertuseggenotes/-weduwees met hulle verjaardae in November

1 November: Ds. EJ Smit (Rassie) – GK Pretoria-Magalieskruin

1 November: Dr. SJ van der Merwe (Sarel) – GK Mafikeng

3 November: Dr. ME Schalekamp (Etienne) – GK Ontdekkers

4 November: Mev. SM Laubscher (Sielie) (82), eggenote van ds. NG Laubscher (Nic) – GK Buffeldoorns

4 November: Mev. SJ Snyman (Sarie), eggenote van ds. SD Snyman (Danie) – GK Pretoria-Magalieskruin

7 November: Mev. A Lekgetho (Annah), eggenote van ds. PJ Lekgetho (Philip) – GK Boikhutso

10 November: Mev. AM Badenhorst (Alet), eggenote van ds. LJ Badenhorst (Lou) – GK Rustenburg Kruisberg

10 November: Mev. JM Jordaan (Hanlie), eggenote van prof. GJC Jordaan (Jorrie) – TSP

11 November: Mev. HF Snyman (Drieks) (93), weduwee van ds. JLJ Snyman (Lood) – GK Vaalwater

Lief en Leed

11 November: Mev. ME Smit (Babs) (84), eggenote van ds. PA Smit (Peet) – GK Daspoort

11 November: Mev. AMC du Plessis (Carin), eggenote van dr. MJ du Plessis (Thinus) – GK Bellville

11 November: Ds. JD Venter (Kobus) – GK Vryburg

12 November: Ds. JH Jordaan (Johan) – GK Vereeniging

15 November: Mev. HM Venter (Drien), eggenote van ds. JD Venter (Kobus) – GK Vryburg

16 November: Mev. M Kruger (Marianne), eggenote van dr. PP Kruger (Paul) – GK Meyerspark

18 November: Dr. SF Kruger (Francois) – GK Middelburg-Noord

23 November: Mev. CJ Erasmus (Rina), eggenote van dr. JJJ Erasmus (Kobus) – GK Volksrust/Ermelo

24 November: Ds. J Malan (Jan) – GK Burgersdorp

25 November: Mev. AMH Denkema (Riana) (84), weduwee van dr. H Denkema (Henk) – GK Krugersdorp

25 November: Ds. MP Fourie (MP) – GK Aliwal-Noord

25 November: Mev. MM de Klerk (Martie), eggenote van dr. TC de Klerk (Theuns) – GK Okahandja

25 November: Ds. GC Verhoef (Awie) – GK Wierdapark

27 November: Mev. MAE van der Walt (Ria), weduwee van ds. JPB van der Walt (Ben) – GK Aliwal-Noord

27 November: Ds. GP Morweng (Simon) – GK Knapdaar

27 November: Mev. E Breed (Elna), eggenote van ds. CJH Breed (Casper) – GK Secunda

28 November: Dr. A Lindhout (Ton) (93) – GK Ontdekkers

29 November: Mev. TI Aucamp (Tersia), weduwee van ds. LD Aucamp (Lourens) – GK Cullinan

29 November: Mev. GA Naudé (Hattingh) (Gerda), weduwee van ds. C Hattingh (Chris) – GK Randburg

30 November: Mev. EM Bingle (Betsie), weduwee van dr. JP Bingle (Johannes) – GK Windhoek

Kerklike administrasie

BEROEPENUUS

Beroepe ontvang

Prop. AP (Peet) van der Westhuizen na GK Wolmaransstad

Beroepe bedank

Ds. LD (Daniël) Myburgh van GK Venterstad na GK Middelburg (Oos-Kaap)

Ds. GD (Orrie) Oosthuizen van GK Vaalharts na GK Vredenburg/Saldanha

Ds. N (Nikolaas) Pienaar van GK Oos-Londen na GK Wolmaransstad

EMERITERING



Ds. MM Funeka van GK Idwala Lensindiso het op 24 September 2022 geëmeriteer.

BEVESTIGING

Die bevestiging van **ds. Thys Erasmus** van GK Pretoria-Magalieskruin het op 29 Oktober 2022 plaasgevind. Ds.

Cassie Aucamp, emerituspredikant van GK Andeon, het die bevestiging hanteer. Op Sondag 30 Oktober 2022 het ds. Erasmus die erediens waargeneem.



Die bevestiging van **ds. Dirk de Bruyn**, medeleraar van GK Mosselbaai, het op 29 Oktober 2022 plaasgevind. Ds. Paul Lubbinge van GK Mosselbaai het die bevestiging hanteer. Op Sondag 30 Oktober 2022 het ds. De Bruyn die erediens waargeneem.



**Die Bemerkingsafdeling, DIE KERKBLAD, Posbus 20004,
Noordbrug 2522. Tel: 018 297-3989. Faks: 018 293-1042.**

E-pos: wymiedup@gksa.co.za

TARIEWE:

Advertensies en kleinadvertensies: Op aanvraag beskikbaar.

Berigte: R0,20 per woord (min. R5,00) plus R2,20 per sentimeterkolom vir 'n foto.

BTW is ingesluit.

Volledige besonderhede is by bostaande adres beskikbaar.

VAKANSIE EN VERBLIF

NATALSE SUIDKUS

UVONGO: LA CRETE SANDS. Moderne en luukse vakansie-woonstel met 'n 180° volle see- en branderuitsig. Reg oorkant die see en reg langs die swemstrand in Uvongo. Een heid slaap 6 persone; 'n braai-area op jou eie balkon; dubbel toesluitmotorhuis; swembad; volle DSTV-pakket; WiFi; volledig toegeruste kombuis insluitende wasmasjien, tuimeldroeër en skottelgoedwasser. Skakel Luzelle by 071 686 4639 of stuur 'n e-pos na luzelle@uvongoholidays.co.za en kyk gerus na my webblad by www.uvongoholidays.co.za

DOONSIDE (SHANGRI LA): (Twee km suid vanaf Amanzimtoti.) Twee- en drieslaapkamer vakansie-woonstelle vir tot 9 persone teen die strand. Rustige omgewing, vriendelike kompleks, see-uitsig, beveiligde onderdakparkering, kleur-TV, ens. Braaiplek en swembad op perseel. Privaatbesit, billike tariewe. Skakel asseblief 082 390 9465. E-posadres: lettiefour@gmail.com

BALLITO: Selfsorgwoonstel op die see. Moderne selfsorgwoonstel nog beskikbaar vir enige tyd in November 2022. 3 Slaapkamers, 2 badkamers, kombuis toegerus met wasmasjien, tuimeldroer en skottelgoedwasser. Stapafstand vanaf hoofstrand en winkels. Groot balkon met baie mooi see-uitsig, letterlik op die see. Veilige eenheid met swembad en braai-area. Kontak gerus: Retha, 083 301 7234 of retha0204@gmail.com

WESKAAP / TUINROETE

STELLENBOSCH: KIERIE KWAAK selfhelpeenhede en gastehuis (2, 3 en 10 persone) geleë op 'n plaas buite Stellenbosch. Skakel Sonja of Koos van Zyl: faks/tel 021 883 3163 / 082 551 4784 of www.kieriekwaak.co.za vir verdere inligting.

GLENTANA: Strandhuis met 4 slaapkamers, 4 badkamers, ens in lieflike omgewing. Toegerus vir 9 persone. Loopafstand vanaf swemstrand. Fantastiese uitsig oor die see en swemstrand. Buiteseisoen: R850 per dag (minimum 5 dae). Ander tye se tarief op aanvraag: Skakel 084 504 6640.

MPUMALANGA

DULLSTROOM: Volledig toegeruste 5-slaapkamerhuis op 'n plaas, 10 km vanaf Dullstroom. Ontbyt op aanvraag. Visvang, stap, ens. Skakel Sarie 082 550 1126.

VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN OORNAG: Luukse oornagwoonstel met veilige parkering, TV. Skoon en netjies. Gasvrye en rustige atmosfeer. Skakel 051 522 6035 of 082 726 9959.

BLOEMFONTEIN: Selfsorg oornagkamers elk met: minikombuis en badkamer, lugreëling, braai- en vriesgeriewe, TV, veilige onderdakparkering. Slaap 1-4 en 1-5 persone, naby N1. Skakel Belie by 051 433 2635 of 072 342 7530.

ALLERLEI

BINDWERK: Flinke bindwerk van hoogstaande gehalte. Dienste sluit in die:

- Inbind van proefskrifte en verhandelinge
- Herstel van ou of beskadigde boeke
- Inbind van tydskrifte, sowel as
- Gespesialiseerde binddienste

Kontak Lukas van Vuuren, tel. 011 477 4183.

**EIENDOMME
BURGERSDORP**

Plaashuis te huur in die Oos-Kaap. 40 km van Burgersdorp, geleë langs die R56. Geskik vir diegene wat afstandwerk verrig of vir afgetredenes, en geskik vir mense wat oop ruimtes en stilte verkies.

Vir navrae, stuur 'n e-pos aan rosaankruger@gmail.com

SWARTRUGGENS

'n 3-slaapkamer plaashuis en woonstel is op 'n langtermynbasis beskikbaar vir aktiewe Gereformeerde lidmate. Die woning is in 'n veilige area. Koste betaalbaar is hoofsaaklik die Eskomrekening (ongeveer R3500 in totaal per maand).

Kontak gerus vir Danie op 082 497 6137 of danie@danel.co.za indien u belangstel.

kleinADVERTENSIES

BOEKE deur prof. VE d'Assonville:

Pryse sluit nie verpakkingskoste en posgeld in nie. 'n Standaard afleweringsof van R100 word gehê vir 'n bestelling tussen 1 en 10 boeke, binne die grense van Suid-Afrika.

Bestel by: Marnix, Posbus 4045, Mokopane, 0060.

Tel: 082 441 5461 (Millie Wyma).

E-posadres: milliewyma@ballmail.co.za of www.marnix.co.za

Dit is Totius (Biografie, hardeband, 284pp. met 50 foto's) R75

SJ du Toit van die Paarl (Biografie, hardeband, 450pp. & 50 foto's) R150

Bloedrivier (Een van die grootste dramas in Afrika – keerpunt van 'n beskawing. Gelamineerde sagteband, 70pp. met foto's) (Ook in Engels) R60

Die Groot Diamantroof (Anneksasie van die Vrystaatse diamantvelde. Gelamineerde sagteband, 116 pp. met foto's) R130

Die Van der Merwes van Middendeel (Geskryf saam met Nico vd Merwe. Gelamineerde sagteband, 166pp. met foto's) R150

Generaal de Wet in die Vrededortkoepel (Gelamineerde sagteband, 240 pp. met ou foto's tydens die oorlog en moderne foto's van die plekke vandag) R150

Kruger en Rhodes (Die berugte Jameson-inval in 1896 en die aanslag van Milner teen Transvaal in 1899. Gelamineerde sagteband, 82pp. met foto's) R60

Majuba (Ongelooflike Boere-oorwinning oor Groot-Brittanje op 27 Feb. 1881. Gelamineerde sagteband, 75pp. met foto's) (Ook in Engels) R60

Op die Bodem van die Vaaldam (Dramatiese geskiedenis van 'n Boereplaas wat in 1936 deur die Vaaldam se waters toegestoot is. Die aangrypende episodes van hierdie mense in die Anglo-Boereoorlog, die krygsgevang- en konsentrasiekampe en die

Rebellie van 1914 saam met Genl. de Wet. Gelamineerde sagteband, 211pp. 55 foto's) R100

"O Vaalrivier... Broederstroom!" (Rebellie 1914. Gelamineerde sagteband, 148 pp. met foto's) R135

Totius se Oorlogsdagboek (Die digter Totius se ervarings as Kaapse rebel 1899-1900. Gelamineerde sagteband, 72pp. met foto's) R60

Calvyn verdedig sy stad (Die geskiedenis rondom een van Calvyn se belangrikste geskrifte, sagteband, 16pp.) R5

Die boek Openbaring (Lig van God se Woord op wêreldgebeure. 2de nuutverwerkte uitgawe. Gelamineerde sagteband, 250pp.) R90

The Book of Revelation (Gelamineerde sagteband, 126pp.) R90

Die koms van Christus en die Antichris (Die kerk wag elke dag op die koms van Jesus Christus. Die Antichris is egter alreeds daar, maar word tans nog teëgehou totdat die Evangelie klaar verkondig is. Kardinale vrae beantwoord. Gelamineerde sagteband, 104pp.) R60

Die Psalms sing van Christus ('n Dagboek oor die Psalms wat ons van God se beloftes verseker. Gelamineerde sagteband, 194pp.) R90

Gereformeerde Doopsformulier (God se beloftes en eise aan ons. Hardeband, 114pp.) R10

Bakens vir die Kerkgeskiedenis (Die geskiedenis van die kerk van Pinkster tot by die 17de eeu. Hardeband, 102pp.) R10

Kerk op die Wit Hooglande ('n Gedenkboek oor die Gereformeerde Kerke in Kenia met volledige doopregisters. Hardeband, 128pp. met baie foto's) R50

Eugène Marais en die Waterberge (Onbekende voorvalle met mense, diere en plante. Gelamineerde sagteband. 76pp. met gekleurde foto's) (Ook in Engels) R100




JAN HARM STEENKAMP
B.Pharm. PSQT

Tel 058 303 5431 (alle ure) Faks 058 303 7208 Posbus 348 BETHLEHEM

Ons ondersteun graag Die Kerkblad

BOEKE BY DIE ADMINISTRATIEWE BURO




R180.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)



R40.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)



R116.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)



R385.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)

**Bestel by: Administratiewe Buro, Afdeling Publikasies, Posbus 20008,
Noordbrug 2522; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za**

Stuur artikels of briewe aan
Die Kerkblad: Posbus 20008, Noordbrug 2522; faks 018 293 1042
E-posadres: kerkblad@gksa.co.za (kopieredakteur)
callie.coetzee@nwu.ac.za (redakteur)

POTCHEFSTROOM TEOLOGIESE PUBLIKASIES (PTP)

is 'n uitgewersmaatskappy wat hom beywer vir die bevordering van die gereformeerde teologiese wetenskap deur die publikasie van:


- vakkundige literatuur (akademiese boeke wat deur vakkundiges en teologiese studente geraadpleeg sal word)
- populêr-wetenskaplike literatuur (boeke wat wetenskaplik begrend is, maar wat in 'n populêre styl aangebied word vir die populêre mark)
- Christelike stigtelike literatuur (geskenk- of Bybelstudieboeke)

TRAUMA – DIE MEEDOËNLOSE VYAND

Ek het gevind dat die boek, TRAUMA – DIE MEEDOËNLOSE VYAND deur prof. Wentzel Coetzer baie insiggewend is. Dit gee 'n mens 'n basiese begrip van traumaberading en wys 'n mens in 'n skriftuurlike rigting om diegene wat in 'n krisis betrokke is, te help. Wat die psigologiese aspekte van trauma betref, is dit goed nagevors en omvattend. Ek beveel hierdie boek sterk aan vir almal wat betrokke is by die pastorale bediening. Baie pastore en lekeberaders het minimale opleiding in kliniese metodes van traumaberading gehad. Die boek is 'n Bybelse, praktiese gids tot traumaberading geskryf deur een van die mees gerespekteerde Christelike terapeute in Suid-Afrika. Lesers sal leer hoe om raad te gee aan diegene wat in 'n krisis is, hoe om saam met hulle te loop na aanleiding van hulle trauma en hoe om hulle te help om die pad na volledige herstel te vind.

– Dr. Noel B. Woodbridge, Suid-Afrikaanse Teologiese Kweekskool

PRYS: R125 (Posgeld en verpakking uitgesluit)



VOËLVLUG DEUR DIE BYBELBOEKE – DIE NUWE TESTAMENT

deur prof. Gert (Jorrie) Jordaan is so saamgestel dat elk van die 27 boeke van die Nuwe Testament in volgorde deurgewerk kan word.

PRYS: R105 (posgeld en verpakking uitgesluit)

BESOEK GERUS ONS WEBBLAD

www.ptpboeke.co.za en ons Facebook-blad
Potchefstroom Teologiese Publikasies

BESTEL BY: PETRO KROEZE, ADMINISTRATIEWE BURO
Tel. 018 297 3986; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za